
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

DIE OORSPRONG VAN VREES

As ons vandag na die wêreld om ons kyk, en ons sou die vraag stel: Wat is die emosie wat ons die meeste in mense lewens in ons tyd teëkom, sou ons almal saamstem dat dit vrees is. Want ons vind dit nie net by die kinders en minderbevoorregtes van hierdie wêreld nie, maar by die rykes en invloedrykes, diegene wat gesag en mag het, by wêreldregerings en hoëlui. Vrees is 'n kanker wat diep in 'n mens se gemoed vreet, gewoonlik in die eensaamheid en jou voortdrywe tot raserny en onbesonnenheid waaroor jy later bitter spyt is, om net weer plek te maak vir nuwe vrese – 'n onkeerbare kringloop aangevuur deur Satan self! Ek het gehoor dat iemand gesê het: Vrees is die duiwel se tweede naam! Ek glo dit!



Vrees kan in so baie verskillende vorms voorkom: Oorversigtigheid, oordeelkundigheid of preutsheid. Laat ons begin deur te lees wat God van vrees sê, want vrees (bekommernis en depressie) is die teenoorgestelde van geloof, en sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag! Heb. 11:6.

> "As Jesus Christus jou Here en Verlosser is en jy Hom geheel en al wil behaag, sal jy ten alle koste van die vrees wat jou teister, wil ontslae raak"

2 Tim. 1:7: Want God het ons nie `n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. Spr. 29:25: Die vrees vir die mens span 'n strik. 1 Joh. 4:18: ... want vrees sluit straf in (Engels: fear hath torment). Ps. 118:6: Die Here is vir my; ek sal nie vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen? Heb. 13:6: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?

Vrees is 'n duiwelse gees of demoon. Vrees is 'n gebrek aan vertroue in Christus en die Bybel, en bring 'n gesindheid van bedeesdheid, onwilligheid en huiwering voort. Dit veroorsaak 'n gebrek aan moed wat duisende mense – baie van hulle wedergebore kinders van God – swak, verslane lewens vol verskonings laat lei – vêr, vêr benede die oorvloedige voorregte wat daar in Christus weggelê is.

'n Aangrypende verhaal in die Bybel oor vrees wat beslis nie God behaag het nie, is die gebeurtenis in die Ou Testament van die twaalf verspieders wat deur Moses uitgestuur was om die Land Kanäan te ondersoek en inligting daaroor terug te bring (Numeri 13 en 14). Hierdie twaalf manne het saam uitgetrek, dieselfde land en omstandighede ondersoek. Tien van hulle het egter koue voete gekry en met vrees en lafhartigheid na Moses teruggekom en chaos gesaai in Israel. Hulle het God se Belofte en opdrag oor die land wat hulle inbesit moet neem, geïgnoreer en gesê dis onmoontlik om die land in te neem. Tien van hierdie verspieders se gedagtes was vol vrees, terneergedruktheid en ongeloof!

Daar was darem Josua en Kaleb wat die mense aangemoedig het met woorde soos: **"Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees en verskrik nie ... die Here onse God is met ons".** Ongelukkig is dit vandag netsò dat 75 persent van Christene vasgevang is deur vrees en kan hulle daarom nie 'n oorwinnende lewe lei nie!

Ons het nou reeds gelees dat God se Woord sê dat Hy ons nie 'n **gees** van vreesagtigheid gegee het nie. Ons lees ook in Jak. 1:17 dat God die Gewer is van goeie gawes (geskenke) en dit is vrees beslis nie! **Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.**

Wat egter van uiterste belang is, is om te besef dat vrees SONDE is! Ons weet vrees is die teenoorgestelde van geloof en die Bybel sê in **Rom. 14:23: En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.** Dis wanneer hierdie besef in jou gemoed brand en jy besef dat jy deur te vrees teen God se Wil gaan, net soos wanneer jy enige ander sonde doen, dat jy gemotiveer sal word om ten alle koste van die vrees ontslae te raak.

Maar miskien moet ek hier kwalifiseer: As Jesus

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die oorsprong van vrees ....)

Christus jou Here en Verlosser is en jy Hom geheel en al wil behaag, sal jy ten alle koste van die vrees wat jou teister, wil ontslae raak! Met ander woorde, as jy nie ernstig genoeg in jou stryd teen vrees is nie, is my outomatiese vraag: "Hoe ernstig is jou begeerte om God te behaag?"

Jy sien, DAAR IS GEEN ANDER WYSE WAARDEUR JY 'N VREESLOSE LEWE KAN LEI NIE, BEHALWE AS JESUS CHRISTUS JOU HERE IS, en jy vrees op die Bybelse wyse weerstaan nie. Aan die kruis op Golgota het Jesus Christus, die Seun van God, Satan en sy magte en sette blootgelê en oorwin en verbreek (1 Joh. 3:8 en Kol. 2:15) sodat ons, wat Sy Kinders is, vry en vreesloos en suksesvol kan lewe. Jesus het in Getsamanie bloed druppels gesweet om vir ons vrese te betaal.

Volgens mediese navorsing word 'n baba met slegs twee vrese gebore, nl. die vrees om te val en die vrees vir harde geraas, wat eintlik 'n natuurlike ingebore beskermings meganisme is. Alle ander vrees leer ons aan soos ons opgroei. Die Bybel sê: **"God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7).** Vrees is 'n lewende **gees** en kom van Satan af. Ons weet sy plan is om ons te vernietig (Joh. 10:10), laat ons daarom op ons hoede wees vir sy sette. Die Bybel sê ook dat ons aan die duiwel geen plek moet gee nie (Ef. 4:27) en dan lees ons ook die ontstellende teks in **Openb. 21, nl. vers 8: Maar wat die VREESAGTIGES aangaan... hulle deel is in die poel wat brand, met vuur en swawel; dit is die tweede dood.**

VREES IS SONDE, net soos ongeloof, moord, hoerery, toorkunste, leuens en afgodediens – lees weer Openb. 21:8 en besef weereens dat vrees nie net jou liggaam en lewe op aarde sal vernietig nie, maar dit het gevolge tot in die ewigheid. Die oomblik wat jy, as 'n kind van God, vrees, sê jy eintlik: "God is nie in staat om my deur hierdie situasie te dra nie," en dis tot die oneer van Hom wat duur vir jou betaal het aan die kruis.

As jy nie 'n kind van God is nie, of nie sekerheid het van jou kindskap nie, dan stel ek voor dat jy ons boek "Waarom moet ek wedergebore word" lees en jou saak met God regmaak. God se Woord sê: "Dit het Ek geskrywe dat jy sal weet dat jy die ewige lewe het"

> "God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7).

Laat ons dan verder kyk hoe vrees ontstaan en menselewens oorheers.

As jy in Gen. 3 gaan lees van die sondeval van die mens, sal jy merk dat Adam en Eva met hul vrye wil gekies het om ongehoorsaam aan God te wees en te sondig. Satan het hulle mislei, maar Satan, soos alle engelagtig wesens, kan niks skep nie, hy kan slegs vernietig en slegs die dinge kontamineer wat reeds geskape is. Daar is geen waarheid in hom nie (Joh. 8:44) – hy is 'n leuenaar en 'n bedrieër, en omdat hy nie self kan skep nie, bederf hy dinge wat reeds bestaan. Die vrede en geloof wat God aan Adam gegee het, was veronderstel om lewensbehoudend te wees, maar na die sondeval was hierdie vrede en geloof BEDERF, en vrees het ontstaan wat, as 'n geestelike mag, vermoor, steel en vernietig. Die eerste woorde wat Adam aan God gesê het, was: **Ek het .. gevrees (Gen. 3:10).** Die vrede en geloof wat in sy hart was, is verander in vrees. Geloof en vrees is byna identies, hulle werk op dieselfde wyse, maar BRING TEENOORGESTELDE RESULTATE.

Die mag wat ons vandag ken as vrees, het na die sondeval verskyn. Toe Adam gesond het, het hy die wet van sonde en dood in werking gestel. Tot op daardie tydstip het Adam nie eers geweet hoe om te sterf nie. Hy het net geweet om te lewe van God se gesproke Woord. Hy was deur sonde onder die wet van die sonde en die dood geplaas en dus van God geskei. **Rom. 8:2: Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.**

Daar is dus twee geestelike wette in werking ; die een van die lewe, die ander van die dood. In Satan se domein waar die wet van die dood heers, kry ons vrees, sonde en dood, siekte en kwale, armoede, bekommernis en angs, haat en demone. In Jesus se domein waar die wet van die Gees van die Lewe heers, kry ons geloof, lewe en geregtigheid, genesing en Goddelike gesondheid, vrede, liefde en engele magte.

Die prys wat Jesus betaal het was tweevoudig: Hy het nie net gekom om die werk van Satan te vernietig nie, maar ook om ons vry te maak van vrees, die dood en die bindinge wat dit bring. Lees **Heb. 2:14 en 15: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.**

Hier word die frase vrees vir die dood gebruik – die gevolg van die wet van sonde en dood. In die oorspronklike taal is die uitdrukking tot niet maak, eintlik: verlam. Jesus het na die aarde gekom om die redes: Om Satan wat die mag van die dood het, heeltemal te verlam, om ons wat onderworpe was aan sonde en Satan se slawerny te bevry, om ons met Vader God te versoen en om ons die ewige lewe te gee.

Om die mag van die dood te verbreek, het Jesus die vloek van die wet op Hom neem. Loof God, ons lees in Heb. 2:14-15 en Kol. 2:14-15 dat Jesus deur Sy dood Satan se mag vernietig het!. Hy het dit alles vir jou en vir my gedoen, sodat ons VRY kan wees. Ons kan met 'n vaste sekerheid in ons siel WEET, dat die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus ons vrygemaak het van die wet van sonde en dood!

Maar laat ons enkele lewensomstandighede noem wat vrees kan veroorsaak. Hou voortdurend in gedagte dat vrees van Satan af kom, want God sê **Hy het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie...** (2 Tim. 1:7).

Daar is die mishandeling van kinders deur ouers wat neerdrukkende emosionele en verstandelike gevolge kan hê wat 'n kind as vrees kan oordra tot in sy grootmens jare. Daar is die mishandeling van kinders deur onderwysers, veral as die persoon (ouer of onderwyser) baie kwaai straf uitdeel in 'n gees van woede. Kinders reageer op verskillende wyses – party mag terugtrek in 'n dop van onsekerheid en vrees, ander gaan oor in rebellie teen alle gesag. Enkeles keer hulle na geweldpleging. Let wel, ek wil vir geen oomblik beweer dat kinders nie gestraf moet word en selfs per geleentheid slae kry nie, maar KINDERMISHANDELING is 'n growwe sonde en is dikwels die oorsaak van ongebalanseerde vrese in daardie kind se latere lewe.

Ouers wat voortdurend haks is voor hulle kinders, of die ouer wat 'n alkoholis is, skep ook emosionele steurings in hulle kinders wat ontwikkel in gebrek aan

(Vervolg op Bl. 8)

CLOSE THE DOOR TO FEAR



So much of what happens around us in our everyday life has the potential to provoke us to fear and we need to guard our hearts as never before.

You may think that a little bit of fear is alright but that is a lie! Any fear brings with it feelings of frustration, desperation and anxiety, and is NEVER healthy! Fear is linked to death, whereas faith is linked to life! You simply cannot function according to God's way and according to Satan's at the same time, and then try and justify your actions. There is only one way, one code of behaviour, one set of laws by which we are to live, and that is God's Way and God's Word.

If you have a tendency towards anxiety and fear, I have wonderful news for you; there IS victory and deliverance from the bondage of fear! ON THE CROSS OF CALVARY JESUS CHRIST PAID THE FULL PRICE SO THAT YOU AND I CAN BE FREE, TODAY, OF ANY BONDAGE WITH WHICH SATAN WANTS TO HOLD US – AND THAT INCLUDES FEAR!

Faith is being sure of what we hope for and certain of what we do not see. (Hebrews chapter 11 verse 1). Faith is simply trusting God to do what His Word says He will do, if you are obedient to His conditions.

How does faith operate? Romans chapter 10 verse 17 tells us that: **"faith cometh by hearing, and hearing by the word of God."** So, faith is developed by knowing the Word of God and acting upon it. God's Word produces faith, love, healing, abundance, wisdom, a healthy body, soul and spirit.

Faith and fear work in a similar way. Faith follows on the hearing of the Word of God. Fear follows on the hearing of the word of this world –Satan's lies. Faith comes when we think and meditate on the Word of God. Fear comes when we think and dwell upon the lies of Satan and respond to them. The very worst thing you can do is react in fear. Never let fear be your motivation for any action.

In Mathew chapter 14 we find an excellent example of faith verses fear. The disciples were out in the boat and Jesus walked across the water towards them! Peter expressed a desire to go to the Lord and the Lord said 'Come'. Peter clambered out of the boat and began to walk towards Jesus, and we read in verse 30: **"But when he saw the wind, he was afraid and beginning to sink, cried out "Lord, save me".** Why did Peter sink? The word tells us that he saw the wind and became afraid. Peter walked on the water by supernatural power – by faith in the Word of his Lord Jesus who said to him 'Come'! But when FEAR gripped him, it overwhelmed him, took control and he failed. Had he rebuked fear, stayed in faith and continued to trust the Lord, it would have disappeared, but sadly he submitted to it.

Faith operates in exactly the same way, but brings completely different results, so use the **"sword of the Spirit, which is the word of God" (Eph. 6:7)** to resist Satan at every turn. Hold high your **"shield of faith, with which you can extinguish all the flaming arrows of the evil one" (Eph. 6:16).**

Let us consider a practical example. Your daughter and friends have gone to the beach (Your husband is out late in the car, your mother lives in a flat in a dangerous area, your son is working overseas). Satan attacks with fear, suggesting that your daughter is going to drown (your husband is going to have an accident; your mother is going to be attacked; your son is being influenced by drug addicts). DO NOT ALLOW FEAR TO CONTROL YOUR THINKING. Simply refuse point-blank to be fearful, letting Satan know that he has not succeeded with his fears and lies. State emphatically that God has said that He will never leave you or forsake you, (or them), and believe it! Who is more able and better equipped to protect and undertake for you and your loved ones than your Heavenly Father? You can put your FULL trust in

(Continued on page 4)

> **Faith and fear work in a similar way. Faith follows on the hearing of the Word of God. Fear follows on the hearing of the word of this world – Satan's lies. Faith comes when we think and meditate on the Word of God. Fear comes when we think and dwell upon the lies of Satan and respond to them. The very worst thing you can do is react in fear. Never let fear be your motivation for any action.**

(Continued from page 3 - Close the door to fear ..)
Him!

Close your eyes and in your mind's eye see your daughter at the beach (your husband in his car; your mother in her flat; your son overseas). Now pray out aloud: *"Heavenly Father, thank you that you did not give me a spirit of fear, but one of power and of love and of a sound mind (self-control). I just want to say that I trust You totally and completely for Your protection of Ann, and I commit her into Your care and release her from the chords of fear with which I bound her, in Jesus' precious Name."*

"The words "FEAR NOT" appear more than sixty times in the Bible, and when God gives a command, He also supplies the strength and ability to obey it! You make the decision. You do not have to choose fear, but you can. You do not have to choose faith, but you can! The choice remains with you!"

You can now rest assured that she is in the very best possible hands, so leave her there! Trust the Lord completely and refuse to entertain any further thoughts of anxiety about her. Resist the devil and his negative suggestions, and he will flee! (James 4:7)

You either give place to faith or fear, love or hate, joy or despondency. Make your choice!

Do you ever find yourself saying: *"I'm AFRAID I cannot do that.", "I'm AFRAID no.", "I'm AFRAID that is true.", "I'm DEAD scared!", "Don't go without a jersey – I'm AFRAID you'll catch a cold!"*

You have just spoken the language of fear, we don't realise how often we are guilty of speaking in this way and what we are actually saying! You may explain that you are only warning your children, but there's a better way of doing this. When it comes to possible danger, teach your children in a constructive and positive way. Explain how changes in temperature affect the body – don't teach him through the FEAR of the possibility of catching a cold! Teach him how a revolver works, (when he is old enough to learn), and he will always handle it with care and the necessary respect. Teach him about motor cars and he will be watchful when driving. Do not teach through FEAR, but through KNOWLEDGE.

We have a wonderful promise from God in: **Isaiah 54:14: In righteousness shalt thou be established: thou shalt be far from from oppression; for thou shalt not fear: and from terror; for it shall not come near thee.**

Since faith is the antidote for fear, and faith is built up by the Word of God (Rom. 10:17), it is to the Word that we must return! THROUGH SPENDING TIME WITH THE WORD OF GOD YOUR THINKING PATTERN IS REPROGRAMMED, YOUR MIND IS RENEWED FROM FEAR TO FAITH, FROM DEATH TO LIFE. Then we will be able to say as the Psalmist said in Psalm 118:6-7: **"The Lord is with me; I will not be afraid", and "The Lord is with me; He is my helper. I will look in triumph on my enemies!"** From this scripture, you realise that the Lord is in fact on your side so you WILL not fear! Fear has no place in your life! The Lord gives us further assurance that He is always with us regardless of our desperate situation, for He says in Isaiah 43:1-2: **"Fear not, for I have redeemed you, I have called you by name; you are mine. When you pass through the waters, I will be with thee.**

The words "FEAR NOT" appear more than sixty times in the Bible, and when God gives a command, He also supplies the strength and ability to obey it! You make the decision. You do not have to choose fear, but you can. You do not have to choose faith, but you can! The choice remains with you!

In these three scriptures alone,(Isaiah 54:14; Psalm 118:6-7 and Isaiah 43:1- 2), just look at what God has promised you! He has established you in righteousness therefore you do not have to fear. Terror will not come near you! God is with you! He has redeemed you! GOD'S WORD PROMISES ALL OF THIS TO YOU, so as a child of God, you can live a life free from fear!

If you have a fear of illness, remember that Peter 2:24 says: **"... by His (Jesus) wounds you have been healed."** If you have a fear of poverty, remember that Phil 4:19 says: **"And my God will meet all your needs according to His glorious riches in Christ Jesus."** You can know with certainty that any fear Satan uses to torment you, is actually the opposite of a promise from God to His children, even though you may not know exactly where that promise can be found in the Word. This is why it is so important for you to read and study the Word, because through it you will have victory and know God's peace that passes all understanding. Finally, and of immense value to you in your decision to walk free from fear, we are admonished in **Phil 4:8 Finally, brethren, whatsoever things are true, whatsoever things *are* honest, whatsoever things** *are* **just, whatsoever things** *are* **pure, whatsoever things** *are* **lovely, whatsoever things *are* of good report; if** *there be* **any virtue, and if** *there be* **any praise, think on these things.**

ons God van wonderwerke!

Dr James, ek en my vrou Leisel wil net vir julle baie dankie sê vir die gebede wat opgegaan het vir ons. My vrou het werk gekry en sy het begin werk die 23ste November 2006. Sy het dieselfde dag nadat sy die onderhoud gedoen en geslaag het, sommer dadelik begin werk. Vandag die 4de Desember word sy permanent aangestel. Ons wil net die Here dank vir al die gebede wat opgegaan het vir haar. Mag die Here julle ryklik seën, omdat julle so gebid het, sonder om ooit moeg te word, baie dankie broeders en susters. Halleluja vir Jesus, want wat by die mens onmoontlik is, is moontlik by God. Here ons prys, Halleluja!!! Jesus ons loof u!!

Mnr S Brown, Noordgesig

Ek wil net erkenning gee aan Vader God vir Sy getrouheid en liefde. Ek glo dat as jy iets van God vra, moet jy Hom ook bedank vir die beantwoording van gebede. Die dae van wonderwerke is nog nie verby, vir die wat glo en Hom aanroep nie. Ek het voorbidding gevra vir:

Les vir longkanker – Die flikkergram op die 16/10/2006 is skoon, hy moet eers vir 'n opvolg ondersoek gaan in 2 jaar se tyd.

Annetjie, kanker – Haar toetse is ook skoon.

Corrie vir werk – Sy begin die 1ste November werk.

Bradley my kleinseun – My hart is so vol dankbaarheid en ek sit en huil terwyl ek tik. 'n Week na sy geboorte het hy geelsig gekry, daar was probleme met hom en sy mamma se bloed, hy was in die ICU vir 3 aande en is Woensdag ontslaan, sy het hom die 18de kliniek toe geneem, (nou 1 maand oud) nog baie geel, weer bloed getrek en laat toets, geelsig vlakke weer aan die styg. Sy was gevra om hom terug te neem hospitaal toe vir nog bloed toetse, onder meer lewerfunksie, skildklier, blaas infeksie en ander toetse. Ek het gebel en Joey het vir die kleinding gebid. Ek het soos sy gesê het my dogter geskakel en haar gesê dat sy hom hande moet oplê en vir hom bid in Jesus se naam. Die volgende dag het ons die goeie nuus gekry dat alles met hom wel is, en dat dit die bors melk is wat die geel kleur veroorsaak. HOE GROOT IS ONS GOD!!!!! PRYS SY WONDERLIKE NAAM!!!! Dankie vir al julle gebed daaruit Stanger. Ons bid ook vir julle.

Mev G Schultz, Orkney

Wonderlike nuus om aan julle mee te deel waaroor ons so dankbaar is. My man se arm is wonderbaarlik genees. Die ortopeed het gesê hy gaan nie 'n skouervervanging doen nie op sy jare glad nie. Hy moet net versigtig wees wat hy doen. Al die eer aan ons dierbare Hemelse Vader.

Oom Sam en Elsie, Klerksdorp

Van Augustus 2005, toe ek u gevra het om vir my dogter Ester Badenhorst van Ballito te bid vir haar skildklier wat verwyder moes word. Operasie was 'n sukses, en al die toetse wat gedoen is voor die operasie het toe getoon dat daar geen kanker teenwoordig is nie. Ek het vir haar gesê dat die Here nie 'n halwe werk doen nie! Al die lof en eer en prys kom God toe. Ek prys en loof Hom daarvoor. Baie dankie vir julle gebede saam met my vir haar.

Mev M J S Burger, Westonaria

Ek het gebel om gebed vir Sarel te vra toe hy baie siek was. Deur die genade van die Here is julle en ons gebede verhoor. Ons gee al die eer aan die Here.

Mnr en Mev S van der Merwe, Kempton Park

Ek wil nog graag die volgende getuienis aan u vertel. Ek het 10 jaar gelede vir my dogter met 'n lek hart voorbidding vir u gevra. Die Here het haar genees, sy is vandag 'n verpleegster. God het my bewys dat as 'n mens vra na Sy wil dan help Hy jou want deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Al die lof, die eer, die prys en aanbidding kom die Here toe. Mag die Here u almal baie ryklik seën.

Mev M van Wyk, Sutherland

Ons skoondogter, Vanessa, het vanaf haar jeug van dokters gehoor dat sy nooit kinders sou hê nie. Sy het onlangs haar hart aan die Here gegee, en haar groot laat doop. Weker later, het die wonderwerk gebeur, dat sy nou reeds 13 weke swanger is. Ons dank aan ons Hemelse Vader! Groete

Mnr en Mev Goosen, Linton Grange

Ek het sopas die nuusbrief deurgelees en weer 'n slag na bladsy 1 gekyk die omskrywing na aanleiding van ons onkreukbare God, en na aanleiding van die inhoud van die brief uit u kantoor , laat dit my gedagtes terug gaan na iets wat ek eendag per epos ontvang het, waar die stelling gemaak is dat niemand jou kan leer om 'n Christen te wees nie omdat dit in diens opleiding na die hoogste gehalte is. Dit spreek vanself dat daar vroeg en laat 'n intieme verbintenis en verstandhouding tussen jouself en die Allerhoogste sal wees. Nie alleenlik kan 'n mens vra (benewens al die onverdiende seëninge oor jou uitgestort nie) maar ook voortdurend ervaar dat Onse Vader ons nooit verlaat nie. Hy het Sy tyd vir alles. Ek kan benewens soveel gebeure in my lewe, daarvan getuig dat ek vir jare met 'n voortdurende pyn in my regtersy moes loop en van tyd tot tyd Voltaren inspuitings moes ontvang om die pyn te verlig. En toe gebeur dit omdat ek bly glo het en nie opgehou vra het, was ek bewus van 'n ligte klap geluid in die omgewing waar ek voortdurend pyn ervaar het. Nodeloos om te sê dat toe ek opstaan daar geen teken van pyn was nie en dit ook nog nie weer ondervind het nie. Ek sal ook nie, want ek het net eenvoudig my Koning geloof en geprys omdat Hy my, wat eintlik niks verdien nie, in Sy groot liefde aangeraak het omdat ek voortdurend bly glo het. Deur die jare het ons geleer om op die Here te bly wag, want Sy goedertierenheid is tot in Ewigheid. Dit is algemene praktyk dat die mense u nader vir gebed maar hoe kan daar resultate wees sonder geloof en gehoorsaamheid. Ons is so dankbaar dat u nuusbrief versprei word onder die vaandel van Geloof In Die Woord. En die Woord sê dat Jesus die weg en die waarheid en die

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 5)
lewe is. Prys Sy Naam!!!

Ons is lief vir julle en is dankbaar om te weet dat, soos ons kan sien, die Woord vanaf Stanger oor die hele land weerklank vind. Ryke seëninge aan julle almal.

Cas en Dot, Mosselbaai

Ek wil ons Hemelse Vader al die eer gee. Ek het u geskakel om te bid vir my broer wat werkloos was en gebed is verhoor en hy het 'n fantastiese werk gekry! My kleinseun wat in London werk was aangeval deur rowers en moes 'n nood operasie aan sy hand kry. Hy het wonderlik herstel! God is so groot en magtig! Dankie vir u getrouheid en gebede. Groete aan almal.

Salomie, Pretoria

Net 'n bietjie terugvoering ivm. my versoeke aangaande my seun. Ek het die nuusbrief van Oktober 2006 geneem en die artikel "Entering the Kingdom" bestudeer. Ek het drie keer (aand, volgende oggend en middag) daarmee voor my in gebed gegaan. Elke skrif het ek ons eie gemaak. Ek het volhard en wou nie ophou nie. Daar was baie trane en vergifnis vra sowel as vergifnis skenk. Toe ek na die derde sessie opstaan en uitgaan om takies te verrig ivm. aandere, roep Charles my uit sy kamer waar hy in 'n 'donker put' gelê en met dowwe oë gestaar het. Toe ek sy deur oopmaak, sien ek dadelik 'n groot verskil. Halleluja! My kind glimlag sowaar vir my. Hy sê toe vir my dat hy weet nou dat sy paranoia, dat net mooi almal hom haat en bespot, is net paranoia.

Baie dankie dat julle almal saam met ons gebid het vir ons kind. Hy speel selfs weer klavier en geniet weer 'n stap in die buitelig. Loof die Here, O my siel, en alles wat binne my is, Sy Heilige Naam.

Mev R Jordaan, Centurion

Ek groet u in daardie wonderlike naam Jesus. Ek het laas nog vir 'n voorbidding gevra vir my suster wat so ernstig drink. Die Here het die gebede verhoor en Sy hand openbaar. Sy en haar man drink nie meer nie, en prys die Here haar tweede oudste seun het die Here op Sy belofte aan geneem. Die Here het ook u gebede verhoor en my smeekroep tot Hom, want my dogter het geslaag en sy verpleeg as suster by die Hospitaal in Kaapstad.

Mev M Petersen, Calvinia

Baie dankie vir almal se gebede en onderskraging met Dirkie se siekte. Ons wil u net meedeel dat Dirkie, 5 maande oud, nou meer as 2 weke gelede laas 'n epileptiese aanval gehad het. Ons besef en weet God die Groot Geneesheer en Redder, Verlosser en onse Vader is in beheer. Ons hou vas aan Spr. 3 verse 5-8 en besef dat ons net moet vas hou aan die Woord van God en moet glo en bely, en ons weet God is beheer. Ons weet om vrygemaak te word en genesing te ontvang moet ons optree soos 1 Joh. 1 vers 9. Dankie vir almal se lojaliteite en gebede vir mede gelowiges en betrokkenheid by mede broers en susters se pyn en lyding. Groete in Christus

Mev I Strydom, Booysen

Baie lank gelede het ek vir u vir voorbidding gevra vir my karpaal buis sindroom hande en arms. U, As mediese dokter weet dat dit nie iets is wat gesond word sonder operasie nie. Ek kon niks doen met my hande nie en dit het dag en nag gepyn, loof die Here, Hy het my volmaak gesond gemaak, toe ek maar net weer sien is my hande gesond. Hoe loof en prys ek so 'n groot en Almagtige God met ons beperkte woorde skat? Vir sulke wonderwerke. Geen nasie besit woord wat sterk genoeg is om die genade en liefde, lankmoedigheid en sagmoedig te sing van ons Here nie. Sestien jaar gelede het 'n dokter van my rug plate geneem en gesê my rug is besig om op twee plekke verkalk. Ek het baie pyn verduur, maar in tussen het die pyn verminder, en vandag het ek **geen** pyn nie.

Baie goddelike liefde vir almal daar.

Suster van der Bank

Ek groet julle in die wonderlike naam van Jesus, ek het baie goeie nuus om julle te vertel. Twee weke gelede het ek julle brief van voorbidding vir my en my Vader se volkome genesing, en dat my mense my weer sal besoek. Prys God vir Sy wonderwerke van genesing. Hier is die goeie nuus, ek gebruik nie meer medikasie nie, en my Vader is innerlike en uiterlik genees, en hulle het my kom besoek. Ek lees in Psalm 107 vers 20: Hy het Sy Woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak, en hulle uit hul kuile red, en dit is Jesus Christus, Hy wat ons smarte gedra het en ons siektes op Hom geneem het. (Jes. 53:4-5) Ek glo en vertrou op God.

Ek wil julle asseblief saam met my vir Jesus Christus ons enigste Verlosser en God te dank, en alle eer en lofprysing aan Hom bring. Dit is wonderlik om te weet groter is Hy wat in ons is, as Hy wat in die wêreld is, ek wil vir die mense vertel hoe 'n groot God ons in Jesus Christus aanbid.

Baie dankie vir almal wat vir ons bid, ons bid vir u en u span. Die Here seën julle almal daar by die sentrum. Baie liefde groete.

Mnr A. S Gooi, St Albans

"Ek wil julle asseblief saam met my vir Jesus Christus ons enigste Verlosser en God te dank, en alle eer en lofprysing aan Hom bring. Dit is wonderlik om te weet groter is Hy wat in ons is, as Hy wat in die wêreld is, ek wil vir die mense vertel hoe 'n groot God ons in Jesus Christus aanbid."



uit Dr James se kantoor

Geliefdes,

Dit is vir ons almal duidelik dat vrees een van die algemeenste geeste is wat vandag in werking is, nie net in ons land nie, maar regoor die wêreld. Ons kan net `n koerant oopmaak of die plaaslike en wêreld nuus op TV kyk, om angstig te raak oor ons veiligheid en toekoms.

Die Bybel sê dat **God** ons nie daardie gees van vrees gegee het nie (2 Tim. 1:7), dus moet ons onsself afvra waar dit vandaan kom? Die antwoord is natuurlik van Satan self. Hy skep nie net die toestande rondom ons, wat veroorsaak dat ons vrees nie, maar hy blaas ook die vrees in ons harte aan vir sy bose doelstellings!

Jesus het gedurende Sy aardse bediening, baie, baie kere vir Sy dissipels gesê "om NIE te vrees!" Sy woorde **"moenie vrees"**, weerklink regdeur Sy bediening: "Moenie vrees, want Ek sal jou nooit begewe of verlaat nie", " Moenie vrees wanneer jy die dinge sien gebeur nie", "waarom vrees jy?", "moenie vrees nie want Ek is met jou". Ons lees Sy woorde in **Joh. 14:27**: **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.**

Dit is noodsaaklik dat ons, die kinders van God, nie versoek word om daardie vrede wat Jesus aan ons nagelaat en gegee het, in hierdie tyd van ons lewens, te verruil vir die duiwel se vrees nie. Ons moet toelaat dat God se vrede in elke area van ons lewens heers en kies om in geloof te lewe, God en Sy Woord te vertrou, want geloof is die teenoorgestelde van vrees.

Jy mag sê: "maar hoe kan ek dit doen met alles wat op die oomblik rondom my aangaan? Jy ken nie my finansieële posisie nie, my huwelik, my kinders, my besigheid, my gesondheid. Wanneer ek al die misdaad en korrupsie, die kindermishandeling, verkragting, kaping, gewapende roof ens. sien, is dit onmoontlik om nie te vrees en moed en geloof te verloor nie!"

Laat my dan toe om net hierdie een vraag te vra, in wat of wie plaas jy jou geloof? In watter rigting stuur jy jou geloof? In wat of wie vertrou jou? Is dit in die mens of in God? As dit in die wêreldstelsel of in politieke leiers is, hulle sal verseker misluk. Ons vertroue en geloof moet in ons God wees, wie nog in beheer is! Hy weet presies wat aangaan, en Hy word nie beweeg of geskud nie en ons moet ook nie. Hy het selfs die moeite gedoen om ons in Sy Woord te vertel, dat wanneer ons hierdie dinge sien gebeur NIE te vrees nie, maar op te kyk!! Jesus kom gou. Halleluja!! Ons moet egter, totdat Hy kom, onsself daagliks herinner dat: **Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand—na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie. Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap. Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.** ***Psalm 91 verse 1-16***

"Laat my dan toe om net hierdie een vraag te vra, in wat of wie plaas jy jou geloof? In watter rigting stuur jy jou geloof? In wat of wie vertrou jou? Is dit in die mens of in God? As dit in die wêreldstelsel of in politieke leiers is, hulle sal verseker misluk. Ons vertroue en geloof moet in ons God wees, wie nog in beheer is!"

Weereens my waardering en dank aan julle vir jul getroue ondersteuning, en weet dat ons jul liefhet en vir julle bid.

Baie liefde groete

Dr James

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die oorspong van vrees...)
sekuriteit, vrees en ander onstabiele neigings.

Die huwelik is 'n wye veld waar vrees gekweek kan word tussen twee mense. Bakleiery veroorsaak vreesagtigheid. 'n Sterk dominerende man wat min konsiderasie vir sy vrou het, kan veroorsaak dat sy vrou reageer deur terug te trek in 'n droom wêreld, of oorgaan in geweld, of selfbejammering wat kan ontwikkel in selfmoord. Ontrouheid in die huwelik bring vrees en onsekerheid. Egskeiding bring onsettende emosionele probleme.

Ons noem 'n ongebalenseerde vrees vir 'n sekere iets 'n fobie en daar bestaan lang lyste van hierdie fobieë, maar die ware naam vir al hierdie verskillende fobieë is eintlik demone, en omdat ons weet hulle oorsprong by Satan is, moet ons hulle weerstaan en beveg met die Woord van God, en nie toelaat dat hulle ons manipuleer en ons lewens bederf nie! Ons prys ons Here vir Sy woorde in ***Joh.10:10, ...maar Ek het gekom dat julle lewe en lewe in oorvloed mag hê,*** *en ons loof Hom vir Sy verlossing op Golgotha. Ons weet dat die bogenoemde vrese en fobieë kan oorkom word in Jesus, want Sy Woord waarborg ons oorwinning!*

> "Hy het dit alles vir jou en vir my gedoen, sodat ons VRY kan wees. Ons kan met 'n vaste sekerheid in ons siel WEET, dat die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus ons vrygemaak het van die wet van sonde en dood!"

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank
Rek No: 53730091667
Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

Spesiale word van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.



GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassete en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***